Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2019

ÉcoleBooks

# BESIGHEIDSTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*XBUSTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

ÉcoleBooks

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **35** |
| | **3** | **40** | **35** |
| | **4** | **40** | **35** |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | **30** |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ens.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die …-omgewing is die interne omgewing van die besigheid.

A mikro
B mark
C makro
D werkspasie

1.1.2 Die geld wat benodig word om voertuie en toerusting vir die besigheid te koop word … genoem.

A lopende kapitaal
B bedryfskapitaal
C vaste kapitaal
D korttermynkapitaal

1.1.3. Courtney is deel van die …-funksie en daarom moet sy op die beste manier besluit om die produkte van die besigheid te adverteer.

ÉcoleBooks

A menslike hulpbronne
B openbare betrekkinge
C aankope
D bemarkings

1.1.4 Sammy verkoop dwelms en belê die winste van sy onwettige aktiwiteite in ŉ konstruksiebesigheid om die onwettige aktiwiteite te verdoesel. Dit word … genoem.

A smokkelary
B geldwassery
C ŉ piramideskema
D vervalsing

1.1.5 Om werknemers regverdige salarisse te betaal, is ŉ gehalte-aanwyser van …

A die finansiële department.
B algemene bestuur.
C die administrasie-departement.
D die menslike hulpbronne departement. (5 x 2) (10)

1.2. Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| privaat; sloerstaking; data; uitsluiting; kontant-; tender; publieke; faktuur; krediet-; inligting |

1.2.1 ŉ … betaling is wanneer jy voorraad koop en op ŉ latere datum daarvoor betaal.

1.2.2 Die bestuursverslag wat op die Jaarlikse Algemene Vergadering aan aandeelhouers voorgelê word is ŉ voorbeeld van …

1.2.3 Die aankopebestuurder kan die beste prys vir ŉ produk kry deur verskaffers vir ŉ … te vra.

1.2.4 Eskom is deel van die … sektor, want dit word deur die staat beheer.

1.2.5 ŉ Industriële aksie wat deur werkgewers geneem word om skade te voorkom word … genoem. (5 x 2) (10)

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.3. Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Tegnologiese hulpbron | A | Omgee-Mandy is nie ŉ formele geregistreerde dagsorgfasiliteit nie |
| 1.3.2 | Bedreiging | B | werknemers het nie die nodige vaardighede nie |
| 1.3.3 | Informele sektor | C | om ŉ goeie verhouding met jou werknemers te hê |
| 1.3.4 | Interne openbare betrekkinge | D | Jumping Jack is ŉ geregistreerde speelskool vir kinders |
| 1.3.5 | Visie | E | ŉ verskaffer wat bankrot speel |
| | | F | om ŉ goeie verhouding met jou verskaffers te hê |
| | | G | ŉ nuwe rekenaar vir die algemene bestuurder |
| | | H | om die grootste en mees gesogte koffiewinkel in King William's Town te wees |
| | | I | intellektuele eiendom en sagteware-lisensies |
| | | J | om twee nuwe items teen die einde van die maand op jou spyskaart by te voeg |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy, ens.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem DRIE komponente van die markomgewing. (3)

2.2 Verduidelik die doel van die organisatoriese kultuur. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BANZO VERVOERDIENSTE (BVD)**

Banzo Vervoerdienste (BVD) is in Oos-Londen geleë. Hulle vervoer groot en klein pakkies na verskeie plekke in die Oos-Kaap. BVD het hulself bewys as ŉ maatskappy wat altyd bereid is om die ekstra myl te gaan.

2.3.1 Noem die besigheidsektor waarin BVD bedrywig is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.3.2 Verduidelik die ander TWEE besigheidsektore en gee EEN voorbeeld van elke sektor.

Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn om dié vraag te beantwoord.

| SEKTORE | VERDUIDELIKING | VOORBEELD |
|---|---|---|
| (a) | | |
| (b) | | |
| (2) | (2) | (2) |

(6)

2.4 Onderskei tussen *leierskap* en *bestuur.* (4)

2.5 Bespreek die impak van misdaad op die besigheid. (6)

2.6 Verduidelik die negatiewe impak van MIV/Vigs op die besigheid. (6)

2.7 Gee besighede raad oor hoe om inklusiwiteit in die werksplek te bevorder. (8)

**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1. Noem DRIE faktore wat die organisasiestruktuur van die besigheid sal beïnvloed. (3)

3.2 Identifiseer die besigheidsfunksie in ELKE stelling hieronder.

3.2.1 Hulle hou toesig oor die aktiwiteite van die ander funksies sodat die besigheid se doelwitte bereik kan word.

3.2.2 Hulle is verantwoordelik daarvoor om 'n positiewe openbare beeld vir die besigheid te skep en te handhaaf.

3.2.3 Die proses om grondstowwe in voltooide goedere te omskep.

(3 x 2) (6)

3.3. Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **JL BPK.** |
|---|
| Sharon werk vir JL Bpk., 'n leier in die kleremark. Sy is van toesighouer tot administratiewe bestuurder bevorder. Sy is nou in beheer van 30 mense in haar departement. |

3.3.1 Identifiseer Sharon se nuwe bestuursvlak. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Verduidelik haar verantwoordelikhede op die bestuursvlak in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer. (6)

3.4 Beskryf TWEE metodes om openbare betrekkinge uit te voer. (6)

3.5 Bespreek die belangrikheid van gehalte vir die besigheid. (4)

3.6 Onderskei tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering*. (4)

3.7 Evalueer die impak van die Nasionale Wet op Verbruikersbeskerming op besighede. (8)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Gee die betekenis van *armoede*. (2)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| JIMMY SE CD'S (JCD) |
|---|
| Jimmy laai musiek en flieks waarop kopiereg is, van die internet af. Hy verkoop dan hierdie CD's teen 'n afslagprys in Queenstown. Die CD's lyk soos wettige kopieë, maar is nie. |

4.2.1 Identifiseer die sosio-ekonomiese kwessie in bostaande scenario. (2)

4.2.2 Bespreek TWEE oplossings vir die kwessie geïdentifiseer in VRAAG 4.2.1. (8)

4.3 Onderskei tussen die *private* en *publieke sektore.* (8)

### BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.4 Noem die VIER hooftake van bestuur. (4)

4.5 Beskryf EEN tipe organisatoriese struktuur. (4)

ÉcoleBooks

4.6 Identifiseer die bron van finansiering in ELKE stelling hieronder.

4.6.1 Good Fellows Bank laat Funky Fashions toe om 'n ooreengekome bedrag, wat meer is as die geld in hulle tjekrekening, te onttrek.

4.6.2 Corner Café betaal Tasco Dienste om 'n kasregister vir 'n spesifieke tyd te gebruik. (2 x 2) (4)

4.7 Gee besighede raad oor die verband tussen die sukses van die besigheid en bestuur. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LE WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS

Die besigheid word deur baie interne en eksterne faktore beïnvloed. Bestuur moet weet hoe om probleme te identifiseer en moet die kwessies aanspreek.

Skryf 'n gedetailleerde verslag oor die volgende aspekte:

- Brei uit oor die betekenis van die *markomgewing*
- Bespreek VYF komponente van die makro-omgewing
- Verduidelik die redes waarom die makro-omgewing 'n uitdaging vir besighede kan wees
- Gee besighede advies oor die interverwantskap tussen die mikro-, mark-, en makro-omgewing **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

Om suksesvol wees moet 'n besigheid sterk finansiële beheer uitoefen. Verkeerde voorraadvlakke kan tot die besigheid se ondergang lei.

Hou bostaande scenario in gedagte en skryf 'n verslag oor die volgende aspekte:

- Beskryf in breë trekke die verantwoordelikhede van die kredietverskaffers volgens die Nasionale Kredietwet
- Bespreek die belangrikheid van voorraadbeheer
- Verduidelik DRIE redes waarom besighede finansiering mag benodig
- Gee besighede advies oor die belangrikheid van gehalte in 'n gesonde finansiële funksie **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM